

Woensdag 29 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:1-27; 12:31; 13:8, 13

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:31; 13:8, 13; 14:4, 5, 18, 19

Die Heilige Gees gee die tydelike gawe om ongewone tale of klanke te gebruik

In die gemeente van die Korintiërs was die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik 'n netelige saak, wat groot ongemaklikheid en hartseer onder die gelowiges veroorsaak het. Sommige lidmate het wel so 'n gawe van die Gees ontvang, en ander weer nie. Dit kan selfs wees dat van die lidmate voorgegee het om oor so 'n gawe te beskik.

Daarom moes Paulus hierdie verskynsel, hierdie Geestesgawe, in perspek-tief stel. Die gawe van ongewone tale of klanke mag alleenlik in die same-koms van die gemeente na vore gebring word, as daar terselfdertyd ook in die erediens iemand teenwoordig was wat die Geestesgawe van uitlegging ont-vang het, en dus die gelowige wat in 'n vreemde taal of klank profeteer het, se boodskap vir die res van die gelowiges kon uitlê. Hierdie gawe van ongewone tale of klanke is egter veel eerder 'n gawe vir persoonlike geloof en groei as vir die groei of stigting van die gemeente.

Vir die gemeente, die gelowiges wat byeengekom het om God te dien en eer (erediens), het dit veel meer waarde wanneer hulle die boodskap van die HERE ontvang in die taal wat hulle almal verstaan. Paulus verwoord dit baie sterk in 1 Korintiërs 14:19, dat hy liewers vyf woorde met sy verstand tot die gelowiges se opbou sal praat as 'n duisend woorde in 'n taal wat hulle nie ver-staan nie. Hoewel gawes van die Heilige Gees, soos genesing en die spreek in tale, dus 'n plek en funksie het, is daar egter 'n beter, meer uitnemende gawe.

Die Heilige Gees gee ook vir ons die onverganklike gawe van die liefde! Daarmee moet ons onself besonderlik besig hou. God bo alles, en ons naaste soos onself! Liefde is om te gee, nie om te vertoon nie!

Sing: SB 21:1, 5, 6

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)